Boekbekendstelling

Di koningin fan Skeba
of
Salomo syn oue goudfelde in Sambesia

Historise roman, met prente
deur ds. S.J. du Toit

Van bogenoemde publikasie is 'n faksimilee-herdruk in 1998 deur Africana Uitgewers (Kaapstad) gepubliseer. Hierdie herbekendstelling is voorsien van 'n nuwe inleiding deur Dorothea van Zyl en Fritz Ponelis.

Omdat dié roman teenswoordig moeilik verkrygbaar is, word beoog om die roman weer eens beskikbaar te stel aan die breë publiek sowel as aan studente en navorsers.

Dorothea van Zyl motiveer die rede vir hierdie faksimilee-herdruk onder andere soos volg:

Di koningin fan Skeba is in 1921 uitgegee in 'n gemoderniseerde Afrikaanse spelling. In 1963 is dit verkort en hersien deur P.J. Nienaber met die oog op die voorskryfmark. Die oorspronklike teks is egter nog nooit weer gedruk nie en die tweede uitgawe is moeilik bekombaar.

'n Eeu het dus verloop sedert *Di koningin fan Skeba* die eerste keer in 1898 as roman gepubliseer is. Vanaf Maart 1896 tot Mei 1898 het dit as vervolgverhaal in *Ons Klyntji* verskyn. Dit is egter steeds 'n belangrike en relevante teks en 'n sleutelroman vir almal wat geïnteresseerd is in die ontstaan en behoud van Afrikaans. Dit is ook 'n boeiende en toeganklike teks – sodra die oog gewoond raak aan die fonetiese spelling.

Juis die oorspronklike teks is besonder interessant vir die kombinasie van S.J. du Toit se fonetiese spelwyse, sy manier van skryf, sy foto's en sy beskouinge oor die godsdiens, die politiek en ander sake. Die roman én sy skrywer fassineer steeds lesers en ondersoekers (p. 5).

- *Di koningin fan Skeba* is die eerste historiese roman in Afrikaans. ... Vanuit dié hoek is dit boeiend om die *Di koningin fan Skeba* te vergelyk met byvoorbeeld 'n tydgenootlike werk soos Rider Haggard se bekende *King Solomon's Mines* of met latere historiese romans soos André P. Brink se *Die muur van die pes* en *Magersfontein, o Magersfontein* deur Etienne Leroux.

- Omdat *Di koningin fan Skeba* 'n venster bied op die idees van 'n eeu gelede is dit 'n prominente teks binne sowel die Afrikaanse konteks as binne die koloniale en postkoloniale diskoers. Baie van die kragte en konvensies wat later 'n groot rol in die Suid-Afrikaanse samelewing sou speel, is gewortel in die 19de-eeuse idees van toonaangewende figure soos S.J. du Toit.

- Ofskoon S.J. du Toit se teorie dat die koningin van Skeba van die Zimbabwe-ruïne afkomstig kon wees, lank reeds agterhaal is, bly die roman steeds om verskillende redes boeiend en oortuigend. 'n Interessante ontdekking was dat Du Toit in 'n groot mate die riglyne van die klassieke retorika volg in *Di koningin fan Skeba*, soos in sy talle openbare disputasies, sy preke en ander openbare optredes. Daar is teenswoordig 'n wye oplewing in belangstelling in die literatuurteorie en in die media te bespeur in die uitgangspunte van die retorika. Hiertoe bied dié roman ryke stof (p. 6).

'n Literêre teks verkry mettertyd uit verskillende lesings binne wisselende kontekste ander betekenisse. Dit geld by uitstek vir *Di koningin fan Skeba* – vandaar dat dit as tydsdokument soveel boodskappe inhou wat uiteenlopende lesers bly intrigeer op sowel taalkundige, literêre, geskiedkundige as sosiale vlak. Die aantrekkingskrag van hierdie historiese roman tot op hede kan juis daaraan toegeskryf word dat verskillende lyne mekaar hier verrykend kruis. Hierdie faksimilee-weergawe kan dus moontlik aanleiding gee tot nog veel meer lesers – en betekenisse (p. 6).

Dorothea van Zyl behandel agtereenvolgens die volgende aspekte in die Inleiding tot hierdie herdruk: Die voorspel tot die skryf van *Di koningin fan Skeba*, die verloop van die verhaal, *Di koningin van Skeba* as vervolgverhaal en roman, werklikheids- en waarheidsillusie; die ontvangs van dié roman en S.J. du Toit se kyk op die Ander.

Fritz Ponelis vul die Inleiding aan deur "S.J. du Toit en die kultivering van Afrikaans" te beskryf. Ponelis stel die belang van S.J. du Toit se roman inleidend soos volg:

Tot diep in die negentiende eeu het daar geen Afrikaanse kultuurtaal bestaan nie. Afrikaans was toe nog 'n omgangstaal: dit was 'n spreektaal sonder skryftradisie wat glad nie as voertaal in die onderwys, die kerk of die reg gebruik is nie. Om 'n omgangstaal tot kultuurtaal te omvorm, vereis ingrypende sosiale prosesse en

taalveranderinge. In die laaste kwart van die negentiende eeu was S.J. du Toit diep betrokke by sowel die sosiale as linguistiese prosesse om Afrikaans tot kultuurtaal te omskep. Sy roman *Di koningin fan Skeba* is 'n belangrike kulminasiepunt van sy werk op hierdie gebied (p. 23).

Die Afrikaanse taalgemeenskap moes daarvan bewus word dat Afrikaans ook meer kan wees as net 'n omgangstaal, en niemand het in die tyd meer gedoen as Du Toit om hierdie hoër waardering van Afrikaans by sy gebruikers in te skerp nie (p. 23).

S.J. du Toit het hom deurentyd op alle terreine met die kultivering van Afrikaans besig gehou – 'n aspek wat vir die volledige verstaan van sy *Di koningin fan Skeba* essensieel is (p. 31).

Van Zyl en Ponelis se inleiding kan vir die belangstellende leser 'n verdere hulpmiddel wees om hierdie roman van S.J. du Toit verder te ontsluit en nuwe perspektiewe te open.

M.V.